Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

NA SY DOOD

Musiek: Robert Long
Teks: Robert Long
Afr.: Jannie du Toit

Sy is hom kwyt, vir altyd kwyt na soveel jaar van tederheid
na al die jare saam-saam deel en saam-saam gee
verby is dit wat voorheen was al draai die aarde nog om sy as -
maar dis 'n ewigheid verwyder van die egte lewe
sy kyk na buite waar 'n nuwe lente wink
sy hoor die voëltjies vrolik kwetter en sy dink:
As jy vir my sing, liewe voëltjie – kan jy maar ophou
jou klank is uitgedien, jou tyd vir goed verby
ek hoor jou liedjie en ek sien die voorjaarsknoppe
ek ruik die lente wel, maar wat bly oor vir my?
as jy maar weet hoeveel hy julle lied geniet het
die vensters oop vir die eerste, gul septemberson
en dan vertel ons elke jaar dieselfde onsin vir mekaar:
oor hoe mooi dit is en dat die lewe weer begin.

Dit was te gou, te onverwags net soos 'n dief kom in die nag
so ongemerk, sy wonder nou nog wat gaan aan
hy was net weg, die lewe uit - sonder bohaai, sonder geluid
'n hart van goud wat net skielik stil gaan staan het
daar hang 'n sweem van hiasinte in die lug
sinlose geure dink sy treurig en sy sug:
As jy vir my bloei, hiasint, ag laat staan maar man
laat staan die moeite - jy sterf tog gou weer af
dit doen my sonder twyfel net meer heimwee en verdriet aan
ek sien nog steeds die bosse blomme op die graf
hoe sal jy ooit kan weet hoeveel hy dit geniet het
toe jul in bloei staan, rooi, wit of donkerblou
as hy jul elke lente bring, sou hy my soen – sê: "liewe ding
dié blomme sê ek is verskriklik lief vir jou"

Maar ja, tog gaan die lewe aan terwyl sy min daarvan verstaan
omdat hy soveel leegheid in haar hart gelaat het
en as sy stukkend in hul bed lê is dit af en toe soms net
of sy sy stem hoor - asof hy met haar sit en praat
so oortuigend, so indringend en so eg
dat sy soms seker is sy hoor sy woorde reg:
as jy oor my huil, liewe skat, kan jy maar ophou
dis sonder sin, droog af jou trane, liefste - kom
dit los niks op nie, jy moet jouself nou ophou seermaak
ek sou graag gebly het, maar my tyd was blykbaar om
jy moet van nou af aan vir twee mense plesier hê
vir jou en my, kyk in my oë en beloof my nou
jy moet net aangaan en geniet van alles wat die lewe bied
en as dit ophou skat, dan wag ek hier vir jou